## HET RESULTAAT VAN 'T KINDER KONSERT GEORGANISEERD DOOR MEV. RUWERS

*("Volkstem", 3 Maart 1920)*

Deze week werd door ons uit handen van Mev. Ruwers en Cecile het bedrag ontvangen van de opbrengst van het Kinder Konsert gegeven ten bate van de noodlijdenden in Midden Europa. Met inbegrip van een kleine gift onzerzijds om het bedrag "af te ronden" beliep detotale opbrengst het mooie bedrag van £60. Dit is ongetwijfeld een schitterd sukses waarvoor Mevrouw Ruwers en haar beide dogtertjies Cecile en Cobie niet genoeg lof kan worden toegezwaaid. In ons vorig nummer maakte onze rapporteur melding van het komitee van regeling. Dit is echter een abuis. Er was geen komitee van regeling; alles werd door Mevrouw Ruwers zelf geregeld, iets wat zeker weinigen haar zouden kunnen nadoen. Wel had zij van verschillende zijden medewerking maar het arrangeren en regelen van de honderd en een kleine en grote zaken welke zich bij het geven van zulk een avond voordoen, was alles het werk van de energieke Mevr. Ruwers. Dat Cecile en Cobie de ziel van de uitvoering waren, behoeft hier niet verklaard te worden, voor hen die de uitvoering hebben bijgewoond. Mevrouw Ruwers en haar beide dochtertjies hebben door het organiseren van deze uitvoering een prachtig voorbeeld gesteld aan anderen. Wie zal't navolgen? De verkiezings drukte moge de aandacht van het publiek enigermate hebben afgeleid van de ernstige toestand in de landen der Middenrijken, ontkend kan helaas niet worden dat heel wat personen die hier iets zouden kunnen doen om fondsen voor dit schone werk van liefdadigheid bijeen te brengen, tot dusver al biezonder weinig aktiviteit en goede wil hebben getoond. Welnu er is nog tijd. Laat men dan het voorbeeld van Mevr. Ruwers volgen en helpen, helpen om de tienduizende van honger omkomende kleinen te redden van een wisse hongerdood. De afrekening van het Konsert van Mevr. Ruwers laten wij hieronder volgen:

### AFREKENING

van het Konsert in de Stadszaal op 24 Februari, 1920, gegeven door Mevrouw Ruwers voor het "Red de Kinder Fonds".

Ontvangsten: Van de sweets tafel £14 2 9, aan de deur verkochte kaarten £5 9 6, aan verkoop van kaarten uitgegeven door Mevr. Ruwers £41 2 6; aan verkochte programma's £1 3 3; kollekte van Cobie bij resitatie £4 11 6. Totaal £66 19 6.

Uitgaven: Advertensies £1 7s, drukwerk £2 17 6, Mevr. Ruwers extra onkosten £1 5s, de Heer Israel Muziek £1. Totaal R6 9 6. Salo £60.

Afgedragen aan het fonds £60.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Verslag van die Skooltuinekompetisie

# 1977

*(Ingestel deur die Genootskap Oud-Pretoria in 1955 as bydrae tot die Eeufeesviering van die Stad Pretoria vir mededinging deur die Laerskole in die Pretoria Stad Skoolraaddistrik)*

Twaalf skole het in 1977 deelgeneem aan die kompetisie wat vir die eerste keer nou verdeel is in skole met Groot Terreine en skole met Klein Terreine.

| | | |
|---|---|---|
| *Groot Terrein:* | 1ste Prys Die Poort Laerskool | Skild |
| | 2de Prys Rachel de Beer Laerskool | Beker |
| *Klein Terrein:* | 1ste Prys Monumentpark Laerskool | Skild |
| | 2de Prys Die Heuwel Laerskool | Beker |
| | 3de Prys Genl. Andries Brink Laerskool | Beker |

Die verowering van die pryse is op gepaste en luisterryke wyse by die verskillende skole gevier met die oorhandiging van die skilde en bekers deur die voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria. Die Inspekteurs van Skole en die Voorsitters van die respektiewelike skoolkomitees was teenwoordig en waardering is uitgespreek vir die opvoedingswerk deur die Genootskap gedoen en die entoesiasme en werk van die skoolhoofde, personele en leerlinge van die skole. Alle skole wat meegeding het word bedank, elke skool het 'n meriete sertifikaat gekry, al kon die gesogte pryse nie verower word nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# VERENIGING WILLEM PUNT

*(Om geregistreer te word ingevolge Artikel 21 van die Wet op Maatskappye van 1973 soos gewysig)*

## AKTE VAN OPRIGTING

1. Naam
   Die naam van die Vereniging is:
   Afrikaans: VERENIGING WILLEM PUNT
   Engels: WILLEM PUNT SOCIETY

2. **Doel**
   Die doel van die Vereniging is:
   2.1 Die behoud, by wyse van aankoop of andersins, van geboue van historiese of kultuurhistoriese of argitektoniese of volkekundige of estetiese waarde of sodanige geboue wat deel uitmaak van so 'n geheelbeeld;
   2.2 die behoud, by wyse van aankoop of andersins, van terreine, met of sonder geboue, wat van historiese of kultuurhistoriese of argitektoniese of volkekundige of estetiese of natuurkundige belang is;
   2.3 die behoud, by wyse van aankoop of andersins, van voorwerpe wat van historiese of kultuurhistoriese of kunshistoriese of kunswaardige of volkekundige of estetiese belang is.
   Behalwe bogenoemde doelstellings en dié beter te kan bereik, ook die volgende doelstellings:
   2.4 om roerende en onroerende goed of regte daarin of daarop aan te koop en te verkoop, te huur, te verhuur, op 'n wettige wyse te verkry, te besit, te skenk, te verpand, deur verband te beswaar of op 'n ander wettige wyse daaroor te beskik vir die doeleindes van die Vereniging;
   2.5 die gelde en fondse van die Vereniging te belê na goeddunke van die Bestuur;
   2.6 vertoë te rig aan enige statutêre of private liggaam in verband met die bewaring of sloping of oprigting of aanlê van geboue, terreine, paaie of strate, brûe en spoorweë;
   2.7 die verkoop van foto's, tekeninge, kunswerke, films, klank en videobande, publikasies en ander dokumentasie met betrekking tot die Vereniging se besit of waarby die Vereniging vanweë sy doelstellings andersins belang het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

3. **Aanspreeklikheid**
Die aanspreeklikheid van lede is beperk deur garansie. Elke lid van die Vereniging onderneem om by ontbinding van die Vereniging as hy/sy dan nog lid is, of as ontbinding plaasvind binne een jaar nadat hy/sy opgehou het om lid te wees, die bedrag van hoogstens R5 (vyf rand) te betaal ter dekking van die Vereniging se skulde en verpligtinge by ontbinding sou die laste die likwideerbare bates oorskry.

4. **Ledegeld**
'n Toetreefooi van R5 (vyf rand) word vereis om lid van die Vereniging Willem Punt te word.

5. **Inkomste**
Die inkomste en eiendom van die Vereniging, uit welke bron ookal verkry, word uitsluitend gewy aan die bevordering van die Vereniging se doelstellings. Geen gedeelte van die inkomste en eiendom van die Vereniging mag regstreeks of onregstreeks by wyse van dividend, bonus of in enige ander vorm van wins aan lede van die Vereniging betaal of oorgedra word nie, met dien verstande dat niks hierin vervat belet nie dat betalings van vergoeding ter goeder trou geskied aan enige amptenaar of dienaar van die Vereniging of enige lid daarvan vir dienste werklik aan die Vereniging gelewer.

6. **Ontbinding**
As daar by ontbinding van die Vereniging en na betaling van alle skulde, nog enige fondse of eiendom hoegenaamd oorbly, mag dit nie onder die lede verdeel word nie, maar moet dit op aanwysing van die lede voor of ten tye van die ontbinding, aan 'n liggaam met soortgelyke doelstellings, of aan 'n staats- of owerheidsinstellings gegee of oorgedra word, of by gebreke aan sodanige aanwysing, dan op aanwysing van die Minister van Ekonomiese Sake verdistribueer word.

7. **Maatskappy-vorming**
Die VERENIGING WILLEM PUNT is op 10 Augustus 1976 opgerig. Ons, die afsonderlike persone wie se name, adresse en beroepe in die skedule hierby aangegee word, wil ons ingevolge hierdie Akte van Oprigting tot 'n maatskappy vorm.

## AANKOOP EN BEWARING EN RESTOURASIE VAN HEREHUIS OP RISSIKSTRAAT NO. 62

### MEA VOTA Erf 8, 73 x 120 Voet – 57 vk. Roede 64 K. vk. voet. Gebou 1898.

Mevrou K.S. Noel-Barham, die huidige eienares is bereid om die huis te verkoop. Belangstellendes in die bewaring van historiese huise het besluit om die "Vereniging Willem Punt" te vorm met die doel om hierdie huis te koop, te restoureer en te beaar, asook in diens van die gemeenskap te stel met die gedagte om gedeelte te gebruik as museum om die volgende te vereer:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





Digitised by the University of Pretoria, Library Services





Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die Z.A.R. uit die tydperk van President S.J.P. Kruger
Oudstryders 1899 – 1902
Die Nederlandsche Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy (ZASM)
Z.A.R.P. offisiere en manskappe
Staatsamptenare van die Z.A.R.
Predikante van die Z.A.R.
Argitekte en bouers van die Z.A.R.
Medici van die Z.A.R.
Kultuurleiers van die Z.A.R.

Die huis is omrede sy historiese agtergrond en tipiese argitektoniese styl uitstekend geskik vir hierdie doeleindes. Dit is in 1898 vir die Z.A.S.M. amptenare gebou en sy eerste inwoners was die volgende ingenieurs van die maatskappy wat die spoorweg na Delagoabaai gebou het

Cornelis van der Maade en Anthonie Westerberg

'n Spoorstaaf is in die struktuur ingebou vir versterking en die plafonne is tipies uit die tydperk van gipsplafonne.

Later is die huis bewoon deur Majoor Thomas Kroon, oud-offisier van die Z.A.R. Staatsartillerie en in diens voor 1902 by die Z.A.S.M.

Behalwe dat die huis diens kan doen as museum soos hierbo beskryf sal dit beskikbaar gestel word as kantore aan historiese verenigings en gedeelte kan verhuur word aan uitgesoekte huurders wat vir die kontrole en toesig verantwoordelik kan wees.

BESTUURSLEDE:
Dr. W.H.J. Punt, St. Patrickweg 251, Muckleneuk, Pretoria.
Dr. C.J.P. Jooste, Unionstraat 260, Riviera, Pretoria.
Professor G.C. van Drimmelen, McKenziestraat 195, Brooklyn.
Mnr. H.J. de Graaff, Milnerstraat 365, Waterkloof, Pretoria.
Mnr. P.O. Kraamwinkel, Jonathanstraat 517, Waterkloof-Glen.
Dr. N.A. Coetzee – Sekretaris-penningmeester. Julius Jeppestraat 246, Waterkloof 0181, Pretoria.

## VERENIGING WILLEM PUNT

### FINANSIËLE VOORSIENING VIR REGISTRASIE VAN DIE VERENIGING EN DIE AANKOOP VAN HUIS EN ERF IN RISSIKSTRAAT 62, PRETORIA VIR BEWARING

Beraamde Koopprys R33 000



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

| | | |
|---|---|---|
| Beraamde voorlopige restorasiekoste | 1 500 | R34 500 |

Skenkings reeds ingevorder op voorwaarde dat die ZASM-Herehuis Rissikstraat 62 aangekoop word vir restorasie en bewaring en nie weer verkoop sal word nie

| | | |
|---|---|---|
| Stadsraad van Pretoria | R15 000 | |
| Barclays Bank | 10 000 | |
| Hannes Meiring | 2 000 | |
| Diverse kleiner skenkings | 1 000 | R28 000 |

Die Vereniging Willem Punt sal geregistreer word as 'n Vereniging sonder Winsbejag en geen hereregte by oordrag sal betaalbaar wees nie.

| *Lopende Uitgawes per maand* | | *Lopende Inkomste per maand* | |
|---|---|---|---|
| Belasting | R50 | Huur | R180 |
| Assuransie | 3 | | |
| Water en Ligte | 21 | | |
| Erfbelasting | 50 | | |
| | R124 | | R180 |

Later sal groter restourasie aangepak word met die volgende vooruitsigte:

Die Historiese Monumentekommissie word gevra om die huis as 'n historiese gedenkwaardigheid te verklaar en sal dan 'n bydrae vir restourasie kan maak.

In ooreenstemming met wetgewing wat die Parlement in vooruitsigte stel sal Provinsiale Administrasies toegelaat word om bydraes tot restourasie van historiese geboue te maak. Die Provinsiale Administrasie kan dan genader word.

Verdere skenkings word in vooruitsig gestel sodra registrasie afgehandel is. Prokureurskoste sal minimaal wees volgens belofte.

## OPROEP OM SKENKINGS – WORD LEDE VAN DIE STIGTING

**Skenkings aan die Stigting Willem Punt is welkom. Nog net R5 000 is nodig om die saak deur te voer. Rig u skenking of ledegeld aan die Penningmeester, Dr. N.A. Coetzee, Julius Jeppestraat 246, Waterkloof 0181, Pretoria.**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services